



Fees van Versoening (*Yom Kippur*)

Yom Kippur of die Dag van Versoening is die heiligste dag vir die volk Israel en staan ook bekend as die “Sabbat van die Sabatte”, “Die Groot Dag” of bloot net as “Die Dag”. Die Hebreuse woord Yom (יום) beteken “dag” en Kippur (כִּפּוּר) word as “versoening” vertaal.

Daar word nie op hierdie dag feesgevier nie, intendeel, dit is eerder ‘n dag van verootmoediging en skuldbelydenis, van bas en bid. Op hierdie dag word Israel herinner aan hulle eie sondes en dat God die Bron van vergifnis en versoening is.

Yom Kippur vind op die tiende dag na Rosh Hashanah plaas en stem ooreen met die laaste tien dae van die 40-dae tydperk waarin Moses die tweede stel tablette op die berg Sinai ontvang het.

Levitikus 23:26-32

In Levitikus 23 lees ons ‘n opsomming van die Here se voorskrif aan Moses vir die wyse waarop die Dag van Versoening deur die volk onderhou moet word: hulle moet hulself op hierdie dag verootmoedig, hulle moet ‘n offer aan die Here bring en hulle mag nie werk nie. Enige persoon wat nie hieraan voldoen nie, “moet uit die volk verwyder word.”

Die offerritueel wat met hierdie dag gepaard gaan, word egter in baie fynere detail in ‘n vroeëre gedeelte van Levitikus (hoofstuk 16) bespreek.

Die offerritueel vir die Dag van Versoening

In Levitikus 16 word die voorskrifte vir die offerritueel wat op die Dag van Versoening moet plaasvind, aan die priester (in hierdie geval Aäron) gegee. Dié ritueel behels die volgende: in eenvoudige linneklere moet die priester ‘n jong bul vir sy eie sonde en die sondes van die priesters offer. Hy moet ook ‘n ram as brandoffer aanbied. Daarna moet hy twee bokramme as sondeoffer en een skaapram as brandoffer by die gemeente van Israel kry.

Die twee bokramme word, ten aanskoue van die hele volk, na die ingang van die tent van ontmoeting gebring waar die priester oor hulle lootjies trek. Die een moet gemerk wees “vir die Here” en die ander een “vir Asasel”. Die bok wat vir Asasel geloot is, moet bly lewe.

Die bokram wat as sondeoffer vir die volk bedoel is, word geslag en die bloed daarvan word agter die voorhangsel in die allerheiligste gedeelte op die ark gesprinkel om dit te reinig van die oortredinge van Israel. Daarna word die lewende bok nader gebring sodat die priester sy twee hande op die kop van die bok kan lê om “ál die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete daar bo-oor die bok te bely.” Sodoende word die sonde op die kop van die bok oorgedra. Die bok word dan in die woestyn in gejaag sodat “die bok al hulle sonde met hom saamdra na ‘n onherbergsame streek toe”.

Dit was 'n aanskoulike simboliese handeling wat vir Israel verenig het, en hulle van hul sonde bevry het – al was dit net vir 'n kort tydperk. In plaas daarvan dat Israel bestekopname van hulle eie sondes neem en eienaarskap daarvan erken, het hierdie ritueel dit moontlik gemaak om dit elders te verplaas – in hierdie geval na 'n onskuldige bok wat die woestyn in gejaag word.

Die Sondebok

Die term “sondebok” (om iemand uit te sonder vir onverdiende blaam) is van hierdie ritueel wat in Levitikus 16 beskryf word, afkomstig. Die Franse filosoof en historikus René Girard (1923–2015) het dié gebruik (om 'n ander as sondebok aan te wys) bestudeer en daarop gewys dat dit in byna alle sosiale groeperings en kulture voorkom. Hy noem dat die beeld van die sondebok, die universele menslike behoefte om ons skuld op iets of iemand anders oor te dra deur daardie ander uit te sonder vir onverdiende negatiewe behandeling, weerspieël.

Om ander die skuld te gee, word in baie fasette van ons samelewing en ons private, innerlike lewens gesien, maar ons is dikwels onbewus daarvan dat ons dit doen. In plaas daarvan dat ons ons eie sonde en skuld raaksien, verplaas ons dit maklik na ander; blameer ons almal anders behalwe onself. Dit het egter die gevolg dat ons nooit die siklus verbreek nie – dat ons steeds vasgevang bly in die dinge wat nie vir ons lewe bring nie; in die sonde en skuld wat ons dikwels onderkry.

Wanneer ons egter raaksien dat ons besig is om ander die skuld te gee wat ons toekom, wanneer ons ons eie skuld en sonde erken en bely, word die 'sondeboksiklus' verbreek.

Jesus Christus

Ons kan egter weet dat wanneer ons die onbewustelike neiging om ander die skuld te gee, raaksien, en wanneer ons dan ons aandadigheid erken en bely, dit nie ons sonde (soos dié van die volk Israel in die tyd van Levitikus) net vir 'n tydperk van ons verwyder nie. Nee, Jesus Christus se reddingswerk deur sy kruisdood en opstanding het die 'sondeboksiklus' ontbloot en vir ons ewige verlossing van ons sondes en versoening gebring. Hy was vir ons nie nét die sondeoffer nie, maar

ook die sondebok. Jesus, as onskuldige, het die sonde van die wêreld op Homself geneem sodat geen skuld of sonde ooit die finale sê oor ons sal hê nie.

Lydenstyd

Dit is hierdie Sondag die eerste Sondag van Lydenstyd nadat ons die 40 dae-lange seisoen in die kerkjaar hierdie week met Aswoensdag ingelei het. Van die vroegste van tye in die kerk was Lydenstyd gesien as 'n tyd van inkeer en stroping; 'n tyd waarin gevas word en skuldbelydenis gedoen word.

Hierdie is 'n tydperk wat die 'sondeboksiklus' waaraan ons dikwels onbewustelik deelneem, ontbloot en wat ons lei om ons eie sonde en skuld raak te sien, en te erken. Wanneer ons in dié tyd nadink oor Jesus se lyding, wys sy wonde en pyn ook vir ons wat ware verandering en transformasie van ons vra: dat ons nie die seer en lyding in hierdie wêreld sal vermy of ander daarvoor sal blameer nie, maar dat ons dit in die oë sal kyk en in die liefdevolle teenwoordigheid van God Drie-Enig sal bely. En ons kan dit met vrymoedigheid doen omdat ons oë in hierdie tyd op Paassondag gevestig is – op die viering van Jesus se opstanding wat die houvas van sonde op die mens vir ewig verbreek het om ons met God te versoen.

Kleingroepbyeenkoms

Vorbereiding

Die Dag van Versoening was 'n geleentheid van skuldbelydenis en vas en daarom word die fees nie gevier met kos nie, maar eerder deur saam te vas. Sorg dat daar vandag in die groep slegs water is om te drink om julle die ervaring te gee van skuldbelydenis en opoffering.

Ons ontmoet mekaar

- Deel met mekaar die hoogtepunte en laagtepunte van die afgelope week.
- Gesels ook oor die volgende vraag: “Wat uit verlede week se nadenke en erediens het jou bygebly?”

Ons ontmoet God

- Steek 'n kers aan en laat iemand die byeenkoms aan die Here opdra.

- Lees in die groep die drie teksgedeeltes van die week asook die agtergrondgedeelte vir die week se 'Fees van Versoening'. Lees gerus ook meer oor die offerritueel vir die Dag van Versoening in Levitikus 16.

- Laat elkeen deel wat hulle in die gedeeltes opval.

Ons deel met mekaar

- Om ander die skuld te gee of om van ander die sondebok te maak, is 'n gewoonte wat in ons as mensdom ingebed is. Ons projekteer dikwels onwetend ons eie skuld en verwondheid op ander.

Praat in die groep oor hoe ons dit vandag in onself en in die wêreld rondom ons sien uitspeel.

- Jesus, deur sy kruisdood en opstanding, ontbloot en verbreek die 'sondeboksiklus'. Hy neem alle sonde, skuld, lyding en pyn op Homself en verander dit tot genesing vir die wêreld. Sy lyding en wonde wys vir ons wat ware verandering en transformasie van ons vra: dat ons nie die seer en lyding in hierdie wêreld sal vermy of ander daarvoor sal blameer nie, maar dat ons dit in die oë sal kyk en in die teenwoordigheid van God Drie-Enig sal bely. Sodoende word ons van binne verander en word heling en nuwe lewe moontlik gemaak.

Praat in die groep saam oor die versoening wat Jesus vir ons gebring het.

- In 2 Kor. 5 word ons as God se kinders genooi om Jesus te volg in die bediening van versoening. Praat in die groep wat julle dink dit vir ons vandag beteken.

Ons bid saam

- Laat twee-twee persone saam afsluit en vir mekaar se spesifieke behoeftes bid.